Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# JUNIE 2022

# REKENINGKUNDE V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye, insluitend 'n formuleblad en 'n 9-bladsy antwoordeboek.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ʼn SPESIALE ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. ʼn FORMULEBLAD met finansiële aanwysers is by die vraestel aangeheg. Jy mag dit gebruik indien nodig.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag ʼn nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag ʼn donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Alle bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ʼn riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Krediteurerekonsiliasie en die bestuur van kontant | 30 | 20 |
| **2** | Kosteberekeninge | 50 | 40 |
| **3** | Voorraad | 35 | 30 |
| **4** | Vaste Bates en interne ouditprosesse | 35 | 30 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

HOU HIERDIE

BLADSY

OOP.

## VRAAG 1: KREDITEUREREKONSILIASIE EN BESTUUR VAN KONTANT

**(30 punte; 20 minute)**

### 1.1 KREDITEUREREKONSILIASIE

Die onervare boekhouer van Lavender Handelaars het die krediteuregrootboek-rekening vir Fragrance Verskaffers, ʼn groot krediteur van die besigheid, voltooi. Die saldo stem nie ooreen met die uitstaande saldo volgens die staat wat van Fragrance Verskaffers ontvang is nie.

**GEVRA:**

1.1.1 **Verwys na Inligting A, B en C**
Voltooi die tabel in die ANTWOORDEBOEK om die saldo in die krediteure-grootboek met die saldo wat in die staat verskyn, te versoen. Gebruik ʼn "+" vir ʼn toename en ʼn "–" vir ʼn afname langs elke bedrag. (13)

1.1.2 **Verwys na Inligting D**
Bereken die gemiddelde krediteurebetalingstermyn (in dae) . (5)

1.1.3 Verskaf TWEE interne beheermaatreëls wat geïmplementeer kan word om beter bestuur van krediteure te verseker. (4)

**INLIGTING:**

**A. Krediteuregrootboek van Lavender Handelaars:**

**Fragrance Verskaffers (K 12)**

| Datum | Besonderhede | Debiet | Krediet | Saldo |
|---|---|---|---|---|
| 01/06/22 | Saldo | | | R 20 500 |
| 05/06/22 | Faktuur 532 | | 7 125 | 27 625 |
| 10/06/22 | Debietnota 57 | 750 | | 26 875 |
| 14/06/22 | EFO | 10 000 | | 16 875 |
| | Korting | 500 | | 16 375 |
| 20/06/22 | Faktuur 575 | | 7 900 | 24 275 |
| 23/06/22 | Faktuur 2997 | | 12 500 | 36 775 |
| 27/06/22 | EFO | 8 000 | | 28 775 |
| | Korting | 400 | | 28 375 |

**B. Staat ontvang van Fragrance Verskaffers:**

*Fragrance Verskaffers*

**Rekening van: Lavender Handelaars** **Datum: 25 Junie 2022**

| Datum | Besonderhede | Debiet | Krediet | Saldo |
|---|---|---|---|---|
| 01/06/22 | Saldo | | | R 20 500 |
| 05/06/22 | Faktuur 532 | 7 500 | | 28 000 |
| 10/06/22 | Debietnota 57 | 750 | | 28 750 |
| 14/06/22 | Kwitansie | | 10 000 | 18 750 |
| | Korting | | 1 000 | 17 750 |
| 20/06/22 | Faktuur 575 | 9 700 | | 27 450 |
| 20/06/22 | Faktuur 678 | 6 320 | | 33 770 |

## C. Addisionele inligting:

(i) Fragrance Verskaffers het nagelaat om 5% handelskorting op Faktuur 532 af te trek.

(ii) Debietnota 57 is deur Fragrance Verskaffers verkeerd gehanteer.

(iii) Fragrance Verskaffers het 10% korting aan Lavender Handelaars toegestaan op die betaling op 14 Junie 2022, omdat die betaling voor die 15de van die maand gedoen is.

(iv) Lavender Handelaars het Faktuur 575 verkeerd aangeteken.

(v) Faktuur 2997 was vir aankope van Frequent Winkels en nie van Fragrance Verskaffers nie.

(vi) Lavender Handelaars het nagelaat om Faktuur 678 in te skryf.

(vii) Fragrance Verskaffers sluit hulle inskrywings op die 25ste van elke maand af.

## D. Inligting op 30 Junie 2022 (jaar-einde):

| | |
|---|---:|
| Koste van verkope | R1 440 000 |
| Kredietaankope vir die jaar | 832 200 |
| Kontantaankope vir die jaar | 360 000 |
| Saldo van Krediteurekontrole (1 Julie 2021) | 100 000 |
| Saldo van Krediteurekontrole (30 Junie 2022) | 128 000 |

## 1.2 BESTUUR VAN KONTANT

Jy word voorsien van inligting uit die rekords van Eden Kwekerye.

1.2.1 Op 31 Mei 2022 het die boekhouer die Bank Rekonsiliasiestaat vir die eienaar gegee en twee groot uitstaande deposito's is opgemerk. Na verdere ondersoek van die kwitansieboek het dit geblyk dat hierdie fondse deur die bestuurder soos volg ontvang is:

- 15 Mei 2022 R62 500
- 20 Mei 2022 R50 600

Verskaf TWEE bekommernisse, rakende hierdie deposito's, waaroor die eienaar besorgd behoort te wees. (4)

1.2.2 Verskaf TWEE voorstelle wat gebruik kan word om te verseker dat dit nie weer sal gebeur nie. (4)

**30**

## VRAAG 2: KOSTEBEREKENINGE (50 punte; 40 minute)

### 2.1 STUTTERHEIM VERVAARDIGERS

Jy word voorsien van inligting uit die rekords van Stutterheim Vervaardigers vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2022. Hulle vervaardig koffietafels.

**GEVRA:**

2.1.1 Voltooi die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 30 April 2022. (17)

2.1.2 Voltooi die verkorte Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 30 April 2022. (10)

**INLIGTING:**

**A.**

| Voorraadrekords | 30 April 2022 | 1 Mei 2021 |
|---|---|---|
| Grondstofvoorraad | R175 680 | R112 800 |
| Goedere-in-bewerking | ? | R426 000 |

**B. Uittreksel uit die rekords op 30 April 2022 (voor die addisionele inligting hieronder):**

| | |
|---|---|
| Grondstowwe aangekoop | R1 665 000 |
| Grondstowwe aan verskaffers teruggestuur | R63 000 |
| Direkte materiaalkoste | ? |
| Direkte arbeidskoste | 2 150 880 |
| Fabrieksbokoste | 1 405 350 |
| Verkoops- en verspreidingskoste | 1 829 550 |
| Administrasiekoste | 1 331 850 |
| Koste van produksie van klaarprodukte | ? |
| Bruto wins | 3 750 000 |

**C. Addisionele inligting wat in ag geneem moet word:**

(i) Die totale versekeringsuitgawe van R68 250 is verkeerdelik as deel van administrasiekoste aangeteken. 60% van hierdie uitgawe moet aan die fabriekbokoste toegedeel word.

(ii) Fabrieksbokoste sluit die totale bedrag vir huur betaal vir die finansiële jaar in, R108 900. Huuruitgawes moes toegeken gewees het volgens vloeroppervlakte wat beset is, soos volg:
fabriek 400 $m^2$; winkel 80 $m^2$; kantoor 120 $m^2$.

**D. Produksie:**

Stutterheim Vervaardigers het 39 000 eenhede teen ŉ koste van R135 elk vervaardig.

## 2.2 EENHEIDSKOSTE EN GELYKBREEK

Lexus Vervaardigers vervaardig pennesakkies.

**GEVRA:**

2.2.1 Verduidelik die verskil tussen *vaste koste* en *veranderlike koste*. (2)

2.2.2 Bereken die gelykbreekpunt vir 2022. (5)

2.2.3 Lewer kommentaar oor die gelykbreekpunt en die vlak van produksie vir 2021 en 2022. Haal syfers aan. (6)

2.2.4 Identifiseer die veranderlike koste waaroor die eienaar besorgd behoort te wees. Verduidelik en verskaf 'n berekening om jou antwoord te ondersteun. (4)

2.2.5 Alhoewel daar 'n daling in die vaste koste per eenheid was, is die eienaar steeds nie tevrede met die kontrole oor vaste koste nie. Verduidelik waarom hy so voel en verskaf berekeninge om sy bekommernis te ondersteun. (4)

2.2.6 Gee EEN moontlike rede vir die daling in die verkoops- en verspreidingskoste. (2)

**INLIGTING:**

**A.**

| | **PENNESAKKIE EENHEIDSKOSTE** | |
|---|---|---|
| | **2022** | **2021** |
| **Veranderlike koste** | **R34,80** | **R33,00** |
| Direkte materiaalkoste | 18,09 | 17,40 |
| Direkte arbeidskoste | 12,15 | 10,50 |
| Verkoops- en verspreidingskoste | 4,56 | 5,10 |
| **Vaste koste** | **16,20** | **16,50** |
| Fabrieksbokoste | 10,50 | 10,95 |
| Administrasiekoste | 5,70 | 5,55 |
| | | |
| Verkoopprys per eenheid | 53,40 | 49,50 |
| | | |
| Eenhede geproduseer en verkoop | 240 000 eenhede | 195 000 eenhede |
| Gelykbreekpunt | ? | 195 000 eenhede |

**B. Addisionele inligting:**

Aanvaar dat die inflasiekoers 6% vir die huidige finansiële jaar is.

**50**

## VRAAG 3: VOORRAAD (35 punte; 30 minute)

### 3.1 VOORRAADWAARDASIE

Jy word voorsien van inligting rakende Happy Hats. Die besigheid verkoop sonhoede. Hulle gebruik die periodieke voorraadstelsel en die geweegde-gemiddelde metode om hul voorraad te waardeer.
Happiness is die eienaar van die besigheid. Nelson, die bestuurder, is verantwoordelik vir die dag tot dag bestuur van die besigheid.

**GEVRA:**

3.1.1 Bereken die volgende vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2022:
- Waarde van slotvoorraad (10)
- Bruto wins (6)

3.1.2 Happiness ontdek dat Nelson vanaf Augustus 2021 opgehou het om aankope te doen van die gewone verskaffer van hoede, sonder om vir hom van hierdie verandering in te lig. Hy ontdek ook dat die nuwe verskaffer Nelson se niggie is.

Watter advies kan jy aan Happiness in hierdie verband gee? Noem TWEE punte. (4)

**INLIGTING:**

**A. Voorraadsaldo's**

| | EENHEDE | TOTAAL |
|---|---|---|
| 1 Maart 2021 | 412 | R63 140 |
| 28 Februarie 2022 | 320 | ? |

**B. Aankope gedurende die jaar:**

| MAAND | EENHEDE | EENHEIDS-KOSTE | VRAGGELD (per eenheid) | TOTAAL (insluitend vraggeld) |
|---|---|---|---|---|
| Mei 2021 | 530 | R135 | R10,00 | R76 850 |
| Julie 2021 | 760 | R142 | R16,00 | R120 080 |
| Oktober 2021 | 380 | R156 | R18,00 | R66 120 |
| Desember 2021 | 340 | R168 | R24,00 | R65 280 |
| **TOTAAL** | 2 010 | | | R328 330 |

**C. Terugsendings vir die jaar: (kosprys plus vraggeld is terugbetaal)**

| VANAF MAAND VAN AANKOOP | EENHEDE | EENHEIDS-KOSTE | VRAGGELD (per eenheid) | TOTAAL (insluitend vraggeld) |
|---|---|---|---|---|
| Julie 2021 | 10 | R142 | R16,00 | R1 580 |
| Oktober 2021 | 8 | R156 | R18,00 | R1 392 |
| Desember 2021 | 4 | R168 | R24,00 | R768 |
| **TOTAAL** | 22 | | | R3 740 |

**D. Skenking:**
20 sonhoede van die Mei 2021 besending is aan ŉ plaaslike skool, wat leerders op ŉ opvoedkundige toer geneem het, geskenk.

**E. Verkope:**
1 986 hoede is gedurende die finansiële jaar teen R220 elk verkoop.

3.2 **BESTUUR VAN VOORRAAD (PROBLEEMOPLOSSING)**

Behalwe die sonhoede, verkoop Happy Hats ook sonbrille en strandsakke. Jy word voorsien van inligting uit hul voorraadrekords op 28 Februarie 2022.

**GEVRA:**

3.2.1 As gevolg van probleme met voorraaddiefstal, het Happiness sekuriteitskameras geïnstalleer. Ten spyte hiervan, vermoed hy dat sonhoede nog steeds gesteel word.

Verskaf ’n berekening om te bewys dat sonhoede gesteel word. Gee TWEE punte van advies vir Happiness om hierdie probleem aan te spreek. (9)

3.2.2 Happiness is onseker of hy die korrekte verkooppryse vir die sonbrille en strandsakke vra.

Gee vir hom advies oor ELKE produk. Haal syfers aan. (6)

**INLIGTING:**

| | **SON-HOEDE (EENHEDE)** | **SON-BRILLE (EENHEDE)** | **STRAND-SAKKE (EENHEDE)** |
|---|---|---|---|
| Aantal eenhede verkoop | 1 986 | 1 850 | 740 |
| Beginvoorraad | 412 | 250 | 240 |
| Slotvoorraad | 320 | 280 | 420 |
| Aankope (minus terugsendings en donasies) | 1 968 | 1 880 | 920 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Geweegde gemiddelde kosprys per eenheid | | R2 750 | R390 |
| Verkoopprys per eenheid | | R3 438 | R702 |
| Wins-opmerk % | | 25% | 80% |
| Voorraadhoudingsperiode | | 52 dae | 163 dae |

**35**

## VRAAG 4: VASTE BATES EN INTERNE OUDITPROSESSE (35 punte; 30 minute)

### 4.1 VASTE BATES

Jy word voorsien van inligting uit die rekords van Fezeka Handelaars Bpk. Die finansiële jaar het op 30 Junie 2022 geëindig.

**GEVRA:**

4.1.1 Voltooi die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek. Alle rekeninge moet gesaldeer of afgesluit word op 30 Junie 2022.

Let op dat sommige bedrae reeds in jou ANTWOORDEBOEK ingevul is.

- Toerusting (7)
- Opgehoopte waardevermindering op toerusting (12)
- Bateverkope (7)

**INLIGTING:**

**A.** Op 31 Maart 2022 is ou kantoortoerusting kontant verkoop teen ŉ wins van R2 000. Hierdie toerusting is op 1 Julie 2020 teen ŉ koste van R35 000 aangekoop.

**B.** Op 1 April 2022 is nuwe toerusting ter waarde van R192 000 op krediet aangekoop en ŉ EFO is gedoen om installeringskoste van R3 000 te betaal.

**C.** Waardevermindering word bereken teen 20% p.j. op drawaarde.

### 4.2 INTERNE OUDITPROSESSE

Die Raad van Direkteure het hul kommer uitgespreek dat ten spyte daarvan dat ŉ interne ouditeur aangestel is om interne beheerprosesse in plek te stel, die eksterne ouditverslag aandui dat sekere sake-reise deur die HUB nie geverifieer kan word nie. Die eksterne ouditeure was met alle ander bewyse wat aangebied is, tevrede.

**GEVRA:**

4.2.1 Noem die tipe verslag wat ontvang is. (1)

4.2.2 Verduidelik TWEE moontlike gevolge van hierdie ouditverslag vir die maatskappy. (4)

4.2.3 Hoe behoort die Raad van Direkteure hierdie saak te hanteer? Verskaf TWEE punte. (4)

**35**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou 

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE-FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel en ander ontvangbare bedrae + Kontant en kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**

* In hierdie geval, indien daar gedurende ŉ finansiële jaar ŉ verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou